

# Stamboom van herkoms

**Visagie, Jan C. 2011. Voortrekkerstamouers 1835-1845.** 2e dr.  
Pretoria: Protea Boekhuis. 752 p. Prys: R350,00.  
ISBN: 978-1-86919-372-0.

**Resensent:** R. van der Merwe  
Universiteit van Pretoria, Argief

Historici is dit eens dat die Groot Trek 'n onomkeerbare impak op die geskiedenis van Suidelike Afrika gehad het. Die outeur se mening dat vrae rondom die Voortrekkers, hulle herkoms en eindbestemming reeds vroeër ondersoek moes word, is geheel en al geregverdig. Soos die outeur ook uitwys, is die omvang van so 'n navorsingsprojek en die problematiek daaraan verbonde heel waarskynlik die rede waarom 'n studie eers meer onlangs aangepak is.

Die hersiene uitgawe van *Voortrekkerstamouers 1835-1845* vul nie net die eerste uitgawe met 246 nuwe gesinshoofde aan nie, maar sluit ook ongeveer 214 foto's en portrette van die Voortrekkers in.

By elke gesinshoof se inskrywing word 'n aanduiding gegee van sy posisie ten opsigte van die oorspronklike stamvader wat in Suid-Afrika gearriveer het, die geboorte-, doop- en sterfdatum van die gesinshoof sowel as sy eggenote (indien dit beskikbaar is), die plek van herkoms, vertrekdatum, trekgeselskap waaraan deelgeneem is, waar hy hom uiteindelik gevestig het en die bronne wat geraadpleeg is. By sommige inskrywings word addisionele interessante inligting ook gegee. Kruisverwysings word gebruik om alternatiewe spelwyses te akkommodeer.

Hierdie boek is meer as net 'n genealogiese bron. In die voorwoord word 'n duidelike afbakening van die tydsraamwerk en 'n verduideliking van die benaming *Voortrekker* gegee. Voorts word 'n uiteensetting gegee van die verskillende bronne en argiewe wat geraadpleeg is, wat geen twyfel laat aangaande die deeglikheid en noukeurigheid van hierdie studie nie. Die outeur skroom egter nie om die probleme en moontlike leemtes van die bron uit te wys nie.

Die gevolgtrekkings wat gemaak word oor die omvang van die Groot Trek en die deeglike verduideliking van elke wyk van herkoms, toelig met ses kaarte is, maak hierdie publikasie van onskatbare waarde vir enige persoon, hetsy akademikus of lid van die publiek, wat in hierdie onderwerp belangstel.